

## **LETTERKUNDE ANTWOORDE**

### **HOOFSTUK 3: THOMAS**

1. Dit is die eerste oggend wat hy in sy nuwe kamer wakker word.
2. Louisa.
3. Ontbyt is gereed en sy het plaatkoekies gebak.
4. Hy ontdek dat hy op sy sokkies op die vloer kan skaats en beseft dat hy en Hannes nog baie pret daarop kan hê.
5. Nicholas Miller.
6. Die argitek wat die restaurasie aan Thomas-hulle se huis behartig het. Hy is 'n kenner van Victoriaanse huise in Kaapstad.
7. Hy wens sy pa kon rekenaarkenners, of polisiemanne wat grillerige stories kan vertel, oornooi.
8. Hy speel twee uur lank.
9. Thabo.
10. Thomas - hulle was nie tuis toe die bure die vorige dag wou kom kuier nie.
11. Cape Boys College.
12. Hoërskool Leeukop.
13. Graad 8.
14. Thabo se pa het vir hom die speletjie van Amerika af saamgebring.

### **HOOFSTUK 4: THOMAS**

1. Hy is lank en groot gebou met grys hare.
2. Lemoensap vir Thomas en Louisa, en rooiwyn vir homself en meneer Miller.
3. Johan.
4. 'n 1983-Pinotage uit die Stellenbosch-vallei.
5. Die huis het dertig jaar lank leeggestaan nadat 'n moord daarin gepleeg is.
6. Sarabeth Robinson, Stanley Robinson se dogter.
7. Die nuus van die moord is in al die koerante gepubliseer en 'n gerug het die rondte gedoen dat dit in die huis spook.
8. Die moord is in die solderkamer gepleeg.
9. Stanley Robinson was die pa van die vermoorde Sarabeth. Hy was 'n ryk magnaat uit Engeland.
10. Robinson het in die vroeë 1890's Kaap toe gekom saam met sy drie dogters, 'n oppasster en 'n butler. Daar was dus vyf mense saam met hom.
11. Een van die stories is dat sy vrou in Engeland vermoor is en dat hy Kaap toe gevlug het.
12. Niemand weet nie.
13. Hy het baie tyd in die Transvaal deurgebring om na sy belange by die goudmyne om te sien.
  - a. Sarabeth was sestien jaar oud.
  - b. Sy is verwurg en haar regterhand is afgesny.
  - c. Haar hand was op 'n geborduurde kussing langs haar liggaam en daar was 'n goue muntstuk in haar hand.
  - d. Hy het 'n ineenstorting gehad en is in 'n gestig opgeneem.

- e. Die eerste teorie is dat die Britse regering Sarabeth laat vermoor het, omdat hulle vermoed het haar pa het geld aan die Boere geskenk. Die tweede is dat die moordenaar iemand is wat Sarabeth geken het, moontlik 'n vriend van die familie.
14. Haar ma is op presies dieselfde manier vermoor in Engeland. Haar hand is ook afgekap langs haar lyk gevind, met 'n goue muntstuk in die palm.
15. Dit is aanvaar vir publikasie deur 'n vooraanstaande Amerikaanse uitgewer. Kort nadat 'n uittreksel daaruit in die New York Times verskyn het, is die navorser in 'n skietongeluk dood en het sy manuskrip geheimsinnig verdwyn.

### **OPSOMMING VERBETERING**

#### **7 wenke om jou lewe te verbeter (VERBETER JOU LEWE).**

- Moenie tyd op onbelangrike goed mors nie.
- Doen twee dinge gelyktydig
- Staan as jy oor 'n telefoon praat.
- Gebruik 'n alfabetiese liasseerstelsel
- Jy is wat jy dink
- Dink goeie dinge om 'n goeie lewe te lei
- Doen die regte ding
- Analiseer eerder as om te kritiseer